education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V1

## ADDENDUM

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie addendum bestaan uit 9 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET BERLYN GEDURENDE DIE KOUE OORLOG DIE SPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR VERHOOG?**

**BRON 1A**

Die volgende uittreksel is uit die boek *Viva History* deur C Dugmore et al geneem.


Die agtienjarige Peter Fechter en sy vriend, Helmut Kulbeit, het op 17 Augustus 1962 oor die muur probeer klim. Kulbeit het dit reggekry, maar Fechter is geskiet terwyl hy bo-op die muur was. Hy het swaar gewond teruggeval in die 'doodstrook' in. Ooggetuies aan beide kante kon hom nie help nie, uit vrees vir die ander kant. Eers nadat hy dood is, het Oos-Duitse grenswagte sy lyk verwyder.



[Bron: INPRA]

**BRON 1B**

Die volgende grafiek is uit *In Search of History* deur J Bottaro et al geneem.
Die grafiek toon die aantal mense wat van Oos- na Wes-Berlyn oorgeloop het tussen 1950 en 1964.




**BRON 1C**

Die volgende uittreksel is vertaal uit die boek *Making History* deur H Claire et al.
Dit beskryf hoe Khruschev gedwing is om die muur te bou.


Uiteindelik, onder volgehoue druk van Oos-Duitsland, het Khrushchev die Oos-Duitse regering toegelaat om 'n versperring te bou wat Oos-Berlyn van Wes-Berlyn geskei het. Aanvanklik, op 12 Augustus 1961, is doringdraad gespan. Dit het die Amerikaners onverhoeds gevang, aangesien hulle op nog 'n Berlynse Blokkade voorbereid was en nie verwag het dat Oos-Berlyn hulself van Wes-Berlyn sou afsny nie. Toe die Amerikaners nie opgetree het nie, is 'n groot betonmuur binne drie dae dwarsoor Berlyn gebou. Gou was daar grenswagte en aanvalshonde op die muur en oor die jare is elektriese heinings, myne, soekligte en alarms bygevoeg. Die Berlynse Muur het 'n simbool geword van 'n verdeelde Berlyn, 'n verdeelde Duitsland, 'n verdeelde Europa en 'n verdeelde wêreld. In die daaropvolgende dekades is honderde Oos-Duitsers geskiet terwyl hulle oor die muur probeer ontsnap het na Wes-Berlyn. President Kennedy en presidente na hom het die Berlynse Muur sterk veroordeel.

**VRAAG 2: HOE HET DIE SOSIO-EKONOMIESE EN POLITIEKE UITDAGINGS DIE STRYD OM UHURU IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's GERAAK?**

**BRON 2A**

Die volgende vertaalde uittreksel en foto is uit *Shuter's History* deur N Dlamini, et al geneem. Dit beeld Jean Bokassa se kroning as Keiser uit.


Nieteenstaande die uiterste armoede van die Sentraal-Afrika Republiek, het Bokassa aangedring op 'n peperduur kroningseremonie, soos dié van sy held, Napoleon Bonaparte. Na die seremonie is Bokassa as Keiser ingehuldig. As gevolg van sy noue bande met die Franse is hy baie jare lank toegelaat om weg te kom met sy brutale en vernietigende beleidsrigtings.



**BRON 2B**

Die volgende spotprent is uit die boek *Looking into the Past* deur M Friedman et al geneem.

Die bron hieronder beeld die Afrika-krisis uit en die impak van interne en eksterne faktore op ekonomieë in Afrika.




**BRON 2C**

Die volgende uittreksel is 'n mening oor die toestande in Afrika sedert die 1960's uit *Capitalist Nigger*: *The Road to Success – A Spiderweb Doctrine* deur C Onyeani.

> In Oktober 1960 het Nigerië sy onafhanklikheid van Brittanje ontvang. Teen daardie tyd was Ghana, die voormalige Goue Kus, alreeds drie jaar lank onafhanklik onder Kwame Nkrumah. Dit was tyd vir Afrika om sy mondigwording te vier, aangesien al hoe meer Afrika-lande hulle onafhanklikheid van Brittanje of Frankryk ontvang het … Ons het hoop gehad vir Afrika, vir die swart ras, dat die verraderlike oplegging van buitelandse regering op ons, die plundering van Afrika se hulpbronne deur ons koloniale meesters en die oneerbiedigheid en minagting waarmee hierdie koloniale meesters ons bejeën het, iets van die verlede sou wees … Ongelukkig is die belofte van onafhanklikheid nie vervul nie. Afrika is vandag meer vervalle; daar is meer hongersnood, siektes en gebrek aan noodsaaklike dienste as toe ons onafhanklik verklaar is.

## VRAAG 3: WATTER INVLOED HET MARTIN LUTHER KING JR. EN MALCOLM X OP BURGERLIKE PROTESBEWEGINGS GEHAD IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's?

### BRON 3A

Een van die grootste gebeurtenisse van die Burgerregtebeweging was die opmars na Washington in 1963 toe meer as 250 000 mense deelgeneem het aan 'n vreedsame protes teen segregasie. Hierdie uittreksel is vertaal uit die beroemde 'Ek het 'n Droom' -toespraak wat voor die skare by die Lincoln Gedenkteken gelewer is.

> 1963 is nie 'n einde nie, maar 'n begin … Daar sal nie rus of vrede in Amerika wees voordat daar aan die Neger burgerregte toegestaan word nie. Die warrelwinde van opstand sal die fondamente van ons nasie bly skud totdat die helder dag van geregtigheid aanbreek. Maar … in die proses om ons regmatige plek in te neem, moet ons ons nie skuldig maak aan onregmatige dade nie. Laat ons nie ons dors vir vryheid probeer les deur uit die beker van bitterheid en haat te drink nie … Die wonderlike nuwe strydlus wat die Negergemeenskap omhels, moet nie lei tot die wantroue van alle blankes nie, want baie van ons blanke broeders, soos ons hulle vandag hier sien, het begin besef dat hulle lot vas is aan ons lot en dat hulle vryheid onlosmaaklik aan ons vryheid verbind is. Ons kan nie alleen loop nie.


### BRON 3B

Hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur Malcolm X aan studente van Mississippi ('n suidelike staat) in 1964.

> Ek glo nie aan nie-gewelddadigheid nie tensy almal nie-gewelddadig gaan wees. As hulle die Ku Klux Klan nie-gewelddadig maak, sal ek nie-gewelddadig wees. As hulle die Blanke Burgerraad ('White Citizen's Council) nie-gewelddadig maak, sal ek nie-gewelddadig wees … Moenie iemand se vriend probeer wees as hy jou van jou regte ontneem nie. Hulle is nie jou vriende nie. Hulle is jou vyande. Behandel hulle as sulks. Veg en jy sal jou vryheid ontvang.

### BRON 3C

Die volgende foto toon vier Afro-Amerikaanse studente op die tweede dag van 'n sitstaking by 'n toonbank vir blankes gereserveer by Woolworths in Greensboro, Noord-Carolina in 1960.



**VRAAG 4: WATTER BYDRAE HET STEVE BIKO EN DIE SWART BEWUSSYNSBEWEGING TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970'S GELEWER?**

**BRON 4A**

Die volgende is 'n uittreksel vertaal uit een van Steve Biko se artikels uit '*I Write What I like*', geteken Frank Talk, waarin hy skryf oor die filosofie van Swart Bewyssyn.

> Alles tesame het die swartman 'n dop geword, 'n skaduwee van 'n man, heeltemal verslane, verdrink in sy eie ellende, 'n slaaf, 'n os wat die juk [las] van verdrukking met skaapagtige bedeesdheid dra. Hoe bitter dit ookal mag lyk, is dit die eerste waarheid wat ons moet erken voordat ons enige program kan aanpak om die bestaande toestand te verander. Dit word meer noodsaaklik om die waarheid soos dit is in die oë te staar as jy besef dat die enigste draer van verandering hierdie mense is wat hulle persoonlikheid verloor het. Dus moet die swartman toegelaat word om homself eers weer vind; om die lewe terug te pomp in sy leë dop in; om hom met trots en waardigheid te besiel; om hom te herinner aan sy medepligtigheid aan die misdaad dat hy homself toegelaat het om misbruik te word en daardeur die kwaad te laat seëvier in sy geboorteland. Dit is wat ons bedoel met 'n proses van binnetoe kyk. Dit is die definisie van 'Swart Bewussyn'.


**BRON 4B**

Die volgende uittreksel is deur Donald Woods 10 Augustus 1971, die regisseur van die *Daily Dispatch*, 'n liberaalgesinde Engelse koerant in Oos-Londen. Woods het sy sienswyse verander en het 'n sterk verdediger van Swart Bewussyn geword , sowel as 'n vertroueling van Steve Biko.

> Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Studente-Organisasie (SASO) is een van die betreurenswaardige manifestasies van rassistiese beleid op regeringsvlak. Die hoeksteen van apartheid is die Bantoestan-beleid, waardeur swartes gedwing word om hulself as afgesonderde mense te beskou – 'n nasie geskei – wat slegs mag strewe na vooruitgang op die grondslag van eksklusiwiteit. Die gevolg daarvan is die ontstaan van 'n 'slegs swartes' -mentaliteit onder die swartes. Die voorstaanders van SASO doen verkeerd. Hulle bevorder apartheid. Hulle vestig die idee van rasse-eksklusiwiteit en doen dus die regering se werk.

**BRON 4C**

Vele leiers, onder wie Steve Biko, die leier van die Swart Bewyssyn is in hegtenis geneem en gevange gehou. Steve Biko is in 1977 in gevangenskap dood nadat hy aangerand en gemartel is. Die berig van sy dood het plaaslik en oorsee woede en skok ontketen. Hy is deur baie mense as 'n merkwaardige man wat 'n belangrike rol in die toekoms van Suid-Afrika sou kon speel beskou.



**Plakkaat van Steve Biko wat simbolies sy kettings breek**

## BRONNELYS

**Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende boeke gehaal:**

Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History* (Oxford University Press)
Claire, H et al 2007. *Making History* (Heinemann)
Dlamini, N et al. 2007. *Shuter's History Grade 12* (Shuter & Shooter Publishers)
Dugmore, C et al 2007 *Viva History* (Vivlia Publishers)
Friedman, M et al. 2007. *Looking into the Past* (Maskew Miller Longman)
Graves, F et al 2007 *Moments in History* (Juta Gariep)
Spencer, J et al. 2007. *New Africa History* (New Africa Books)
Biko Steve. *SASO Newsletter, We Blacks 'I write what I like'*, September 1970.
Basil Davidson. 1994 *Modern Africa*, Pearson.

Kopiereg voorbehou